basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012
GRAAD 9 AFRIKAANS HUISTAAL TOETS
TOETS (DOWE LEERDERS)
MEMORANDUM

PUNTE: 60

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

VRAAG	VERWAGTE ANTWOORDE	PUNT(E)	TOTAAL
1.	**B/**Die feesmaal.	1	1
2.1	**C/**Hy is 'n baie vrygewige man.	1	1
2.2	**B/**Hulle het maklik aanstoot gengeem.	1	1
3.	**C/**Die feesmaal is in die voorkamer gehou.	1	1
4.1	**D/**Die belangrikheid van gewoontes en tradisies	1	1
4.2	**A/**Die liefde tussen Ma-Lesane en haar man.	1	1
5.1	**A/**Die gaste s'n.	1	1
5.2	**B/**Om kinders te hê.	1	1
6.	Hulle wou nie die bure aanstoot gee nie – hulle sou sleg/beledig/seergemaak voel indien hulle nie persoonlik genooi sou word nie. Enige aanduiding van die korrekte antwoord kan aanvaar word.	2	2
7.	Diketso se vader sou verplig wees om die vleis te voorsien. Kos was die belangrikste item vir die gaste (paragraaf 1 '... die belangrikste deel van die troue – die ete'/ 'Wat is 'n troue sonder kos?') OF Die familie sou in die verleentheid kom, want die gemeenskap sou 'n maaltyd verwag. (Sien bostaande motivering).	2	2

	OF Die gemeenskap sou baie krities teenoor die familie wees oor hulle onvermoë/versuim om 'n maaltyd te voorsien. Die gemeenskap neem baie maklik aanstoot (sien paragraaf 3: die grootmense sou kla indien hulle nie persoonlik genooi is nie.) OF Daar sou nie genoeg vleis vir al die gaste wees nie. Baie mense woon 'n troue ongenooid by (sien paragraaf 1 '... dat mense nie wag om na 'n troue genooi te word nie. Hulle woon dit net by.') OF Daar sou nie ‘n ete gewees het nie. (paragraaf 1 '... die belangrikste deel van die troue – die ete'/ 'Wat is 'n troue sonder kos?') OF Die gaste sou nie die troue geniet het nie. (paragraaf 1 '... die belangrikste deel van die troue – die ete'/ 'Wat is 'n troue sonder kos?') OF Die troue sou nie ‘n sukses wees nie. (paragraaf 1 '... die belangrikste deel van die troue – die ete'/ 'Wat is 'n troue sonder kos?') OF Die mense sou die ryk oom kwalik geneem het. (paragraaf 1 '... die belangrikste deel van die troue – die ete'/ 'Wat is 'n troue sonder kos?')		
8.1	Vergelyking. Die <u>nuus van die troue</u> word vergelyk met ’n <u>elektriese stroom</u>/stroom krag/stroom elektrisiteit. **(1 punt vir identifisering van beeldspraak + 1 punt vir die twee dinge wat vergelyk word)**	2	3

8.2	Dit beklemtoon hoe vinnig nuus versprei het. OF Die nuus het vinnig en wyd versprei. OF Almal het die nuus binne 'n kort tydjie geweet. OF Die mense was geskok/opgewonde/woedend/jaloers. **(Aanvaar enige redelike antwoord wat aandui dat die nuus baie vinnig versprei het en belangstelling gewek het.)**	1	
9.	Buite beheer geraak/ onhanteerbaar geraak /kan nie stopgesit word nie/ kan nie gekeer word nie/onbeheerbaar geraak/orals heen versprei.	1	1
10.	Sien RUBRIEK p 6.	12	12
11.1	**A/**Lees is 'n waardevolle en voordelige gewoonte.	1	1
11.2	**A/**Lees maak die wêreld vir jou oop.	1	1
12.	Ja, sy pa het slegs drie jaar skoolgegaan, maar hy was wydbelese/goed ingelig/'n kundige. OF Nee, want sy pa het net drie jaar skoolgegaan, maar sy pa het baie koerante gelees en hy was wydbelese/goed ingelig/'n kundige. **(Indien leerders 'Ja'/'Nee' antwoord met geen verduideliking nie, moet geen punte toegeken word nie. As leerder 'Ja'/'Nee' sê met 'n ontoepaslike verduideliking, moet geen punte toegeken word nie.)**	2	2
13.	Hy is krities/keur dit af/hy het min respek vir sulke mense. Hy voel dat hulle ondankbaar is vir al hul voorregte. OF Diegene wat kan lees, word beskou as gelukkig/dit is 'n voorreg. Hy keur hulle minagting van hulle kanse op 'n	2	2

	goeie toekoms af. OF Hy het geen respek vir hulle nie aangesien hulle gelukkig is om te kan lees.		
14.	Lees word vergelyk met ʼn sleutel wat deure kan oopsluit. EN Deure verteenwoordig openinge en geleenthede/beter toekoms. OF Lees kan toegang gee tot nuwe ervarings/geleenthede vir sukses/leer/ en 'n wêreld van werk en sukses. **(1 punt vir die identifisering van die twee dinge wat vergelyk word + 1 punt om te verduidelik waarom die vergelyking gemaak word.)**	2	2
15.	Ja. Die skrywer se eie lewe is bewys van die voordele van lees; hy word goed genoeg geag om vir 'n koerant te skryf/ hy is 'n kundige in lees en skryf. OF Ja. Die skrywer se argument is duidelik en doeltreffend: hy motiveer alles wat hy sê deur voorbeelde te gee (sy pa) en ander ondersteunende bewyse om sy standpunt te staaf. OF Ja. Hy verduidelik hoe lees kinders kan help om meer suksesvolle volwassenes te word deur te verwys na die mense wat sukses in die lewe bereik het. OF Nee. Alle bewyse wat voorsien is, is stories en geen navorsingsbewyse is voorgehou nie. Die skrywer gee sy eie ervarings oor die voordele van lees eerder as wetenskaplike bewyse. **(Aanvaar enige ander redelike antwoord, ondersteun deur bewyse uit die teks.)**	2	2

	(Moenie punte vir slegs 'Ja' en 'Nee' (sonder motivering toeken nie.)		
16.1	**C**/bv.	1	1
16.2	**B/**TV	1	1
17.1	suksesvol/le Spelling moet korrek wees, want die antwoord word uit die artikel aangehaal	1	1
17.2	Probeer die volgende: gee kinders sakgeld wanneer hulle boeke, koerante en tydskrifte lees. 1 punt vir dubbelpunt (:) + 1 punt vir die komma (,). Geen negatiewe nasien nie.	1	1
18.	Probeer die volgende: gee kinders sakgeld vir leesboeke, koerante en tydskrifte. 1 punt vir dubbelpunt (:) + 1 punt vir die komma (,). Geen negatiewe nasien nie.	2	2
19.	Sien RUBRIEK p 5. Gebruik hierdie rubriek om uit 12 te merk en verwerk dit na 6.	6	6
20.	Sien RUBRIEK p 6.	10	10

10 **ASSESSERINGSRUBRIEK: INFORMELE BRIEF**

Assesseringskriteria				
PUNTE 12	**4**	**3**	**2**	**1**
Oorspronk-likheid van idees	• Gedagtes is duidelik en logies verwoord. • Baie oorspronklike, kreatiewe idees Realistiese toespassings.	• Verduideliking redelik verstaanbaar, hoewel nie omvattend nie. • ’n Aantal oor-spronklike idees en toepassings.	• Verduideli-king nie voldoende nie. • Min/vae idees. Beperkte toepassings.	• Duidelikheid ontbreek. • Geen aanmoedige n-de idees is gegee nie. • Geen realistiese toepassings nie.
PUNTE	**4**	**3**	**2**	**1**

Gebruik van informele register, toon van die skrywer (styl); formaat	• Korrekte gebruik van informele register, styl en formaat. • Taal, aanhef en slot is duidelik informeel.	• Aanvaa-bare gebruik van informele register. • Voldoende kennis van formaat. • Taal is gewoon informeel.	• Register is nie oorweeg nie. • Beperkte kennis van formaat. • Taal is dikwels onvanpas.	• Informele register. • Geen kennis van formaat nie. • Onsame-hangende sinne.
PUNTE	**4**	**3**	**2**	**1**
Woorde-skat, grammatika en taalgebruik.	• Wye woorde-skat, bewyse van figuurlike en/of idiomatiese taalgebruik, • Geringe foute in die spelling. • Sinsbou en grammatikale gebruik feitlik foutloos.	• Voldoende verskeiden-heid woordeskat; • 'n Paar bewyse van idiomatiese taalgebruik. • Foute in spelling, sinsbou en grammatikale gebruik raak beduidend.	• Beperkte woordeskat, min bewyse van idiomatiese gebruik van taal. • 'n Beduidende aantal foute in spelling, sinsbou en grammatika-le gebruik.	• Ernstig beperk ten opsigte van grammatikale gebruik, sinskonstruk-sie, spelling en woordeskat.

NOTA: Alhoewel hierdie 'n informele brief is, is tiener-groepstaal, sms-taal en/of slordige taalgebruik nie aanvaarbaar.
Geen negatiewe nasien van formaat.

19 **ASSESSERINGSRUBRIEK: 'N PARAGRAAF**

Assesseringskriteria				
PUNTE	**4**	**3**	**2**	**1**
Beplanning, samehang, inleidende sinne/slotsinne/ sinskonstruksie/ verbindingsinne gepaste titel	● Deeglike beplanning. Treffende inleiding en slot. ●Treffende en korrekte sinskonstruksie. ● Logiese en treffende verbinding van idees.	● Beplanning waarneembaar. Inleiding en slot voldoende. ● Korrekte sinskonstruksie. ● Logiese verbinding van idees.	● Beplanning redelik waarneembaar. Inleiding en slot swak. ● Gebrekkige samehang t.o.v onderwerp. ● Sinskonstruk-sie foutief. ● Gebrekkige verbinding van idees.	● Geen bewyse van beplanning; geen inleidende sin of slot nie. ● Geen samehang met onderwerp; ernstige gebreke in sinskonstruksie. ● Feitlik geen verbinding van idees.
PUNTE	**4**	**3**	**2**	**1**
Oorspronklikheid t.o.v. onderwerp	● Oorspronklike idees t.o.v. onderwerp	● Redelik oorspronklik t.o.v. onderwerp.	● Beperkte oorspronklikheid t.o.v. onderwerp	● Geen oorspronklikheid. ● Deurmekaar hantering van onderwerp.
PUNTE	4	3	2	1
Oorspronklike en kreatiewe gebruik van woordeskat, figuurlike taalgebruik. Spelling en Punktuasie	● Uitstekende woordeskat; korrekte spelling en punktuasie; taalgebruik feitlik foutloos. ● Treffende figuurlike taalgebruik.	● Goeie woordeskat; min taal-spelling en punktuasie foute. ● Gebruik figuurlike taal.	● Woordeskat voldoende; taal-spelling- en punktuasie foute raak beduidend.	● Beperkte woordeskat; taal, spelling en punktuasie foutief.

12÷2=6

NOTA: 1. Indien die inhoud van die paragraaf tot ’n enkele stimulus binne die prentjie beperk is, moet dit aanvaar word.
2. Maksimum punte = 6 (12 gedeel deur 2).

20 **ASSESSERINGSRUBRIEK: ‘N KOERANTBERIG**

Assesseringskriteria				
PUNTE	**5-4**	**3**	**2**	**1**
Formaat en struktuur. Gepaste opskrif. Toepaslike lengte	• Foutlose formaat en struktuur. • Korrekte lengte.	• Goeie formaat en struktuur. • Lengte naastenby korrek.	• Formaat en struktuur gedeeltelik korrek. • Onaanvaar-barelengte: te lank/te kort	• Duidelike beperkte kennis van formaat en struktuur. • Te lank of te kort.
PUNTE	**5-4**	**3**	**2**	**1**
Register, spelling, punktuasie. Taalgebruik	• Toepaslike register. • Duidelike en maklik verstaanbare taalgebruik. • Onbeduidende aantal foute.	• Toepaslike register. • Volledige sinne. • Meestal korrekte gebuik van gram-matika, punktuasie en spelling.	• Gedeeltelik toepaslike register. • Onvolledige sinne. • Grammatikale, spelling en punktuasie foute raak beduidend.	• Onvanpaste register. • Onsamehangende sinne. • Swak spelling, grammatika en punktuasie.

10 punte
TOTAAL: 60